WEEK 7 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

BEDIENINGSBEGELEIDING:

Netwerk: JONK Vrystaat

Vrystaat #imagine 2018:

Gemeentes/belangstellendes, neem asseblief kennis! Bring die volgende inligting onder alle tieners en jongmense se aandag: **Vanaf 6 - 8 April 2018**, vind die ***#imagine experience*** vir die Vrystaat, weer te Nampopark by Bothaville, plaas. Vir meer besonderhede oor hierdie geleentheid (kaartjies, video's, bemarkingsmateriaal, ens), klik asseblief op die ***"flyer"*** hieronder, klik ook hier vir 'n lys met kontakbesonderhede van die organiseerders, sowel as van die hubleiers regoor die Vrystaat.

Borg ook asseblief 'n kind vir hierdie geleentheid:

BEDIENING: BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (ENGO)

Onthou asseblief van die **LiG Lesersdag op 17 Maart 2018**, indien jy nog nie jou kaartjie gekry het nie, kontak hulle vandag nog by 021 949 7419/083 293 2848, of by karin@dalajunction.co.za, om jou plek te bespreek vir dié inspirerende oggend. Die bekende sanger André Venter, voorheen van die groep Romanz, gaan ook optree.

GEMEENTE NUUS:

VBO GELEENTHEDE & ANDER KURSUSSE

Mission Express Retreat, Bloemfontein (Fresh Expressions): Die meeste van julle het al gehoor van *Fresh Expressions* (vars uitdrukkings van kerkwees) en hoe inspirerend hulle vars aanslag van kerkwees is wat die volgende generasie weer opgewonde kan maak oor die kerk. Normaalweg is daar 'n koste aan die opleiding verbonde, maar ons het 'n verkorte opleidingskursus saamgestel met maksimum impak om die koninkryk te bou. Die enigste koste is die bordjie eetgoed wat jy saambring om rondom die middagete-tafel met mekaar te deel. Die kursus is versprei oor drie sessies deur die loop van die jaar, sodat dit makliker hanteerbaar is - slegs drie Saterdae, **beginnende op 3 Maart 2018**. Dit is nie gekoppel aan 'n spesifieke denominasie of genootskap nie, maar saamgestel vir alle kerke om dit aan te neem en tot hul voordeel aan te wend. Julle is welkom om iemand saam te bring, die voortbestaan van die kerk hang van hierdie inisiatief af.

Lidmate Netwerk in samewerking met NG Luckhoff, bied aan: **Rede Vir Lewe-kursus** deur **ds Piet Albertyn** op **Saterdag 12 Mei 2018** te Luckhoff Gemeentesentrum **vanaf 08:00 tot 16:00**. Die koste beloop R100pp (kursusmateriaal & verversings ingsluit). Bespreek asseblief by ds Theo Oosthuyzen, per WhatsApp of SMS op 082 388 5002, of per e-pos by theo.explode@gmail.com**.** Kom ontdek jou plek binne die Liggaam van Christus en word toegerus om ook ander in jou gemeenskap toe te rus!

Fakulteit Regsgeleerdheid (Universiteit van die Vrystaat) bied 'n sertifikaatkursus in mediasie aan: Mediasie as alternatief vir 'n hofgeding of arbitrasie is aan die groei en geleenthede vir geakrediteerde mediators ontwikkel. Vind gerus meer uit oor ***Free State Mediation*** **(FSM)** op hul webblad, lees gerus ook die artikel wat onlangs in *Bloemnuus* (Netwerk24) verskyn het.

Die NG Kerk Vrystaat het 'n spesiale prys van R8 250pp vir hierdie kursus **vanaf 11 tot 15 Junie 2018** beding. Kry meer inligting oor die onderwerpe wat aanbieders gaan behandel, in die brosjure - belangstellendes kan **vóór Vrydag 4 Mei 2018 inskryf**, klik hier vir die inskrywingsvorm.